LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 3/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...Toets my Here

In Rigters 6:12 begroet die engel van die Here vir Gideon met die woorde, "Die Here is by jou, dapper man." Wat ons egter moet onthou is, Gideon was nie op daardie stadium dapper nie, hy was bang, hy het weggekruip. In Spreuke 18:21 lees ons, "die tong het mag oor lewe en dood". Wat spreek ons? Ons kry baie keer swaar omrede ons nie hierdie waarheid verstaan en toepas nie. Positiwiteit begin in ons hart, maar word vasgelê wanneer ons dit spreek. Ons moet meer bewus wees hoe ons met onsself, ons kinders en die mense by die werk praat. Hierdie kring verder uit - wat sien ons eerste raak? Iets om oor te kla, of iets om oor positief te wees en te juig in dankbaarheid. Dink net, as u, u kinders elke dag by die skool aflaai met die woorde, "Die Here is by jou vandag, dapper seun of dapper dogter." Laai jou kind af met die woorde: "Vandag gaan 'n wonderlike dag wees. Ons gaan vandag geniet, en ek sien uit daarna om later van jou wonderlike dag te hoor." Ek dink as ons ons dae met Moses moet vergelyk, dan moet ons besef ons het dit baie makliker. Meer as 'n miljoen klaende mense in die Woestyn kan nogal 'n uitdaging wees. Dit word algemeen aanvaar dat Moses die skrywer van Psalm 91 is. Hy begin die Psalm met "Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou." As ons dit weet, kan ons mos nie anders wees as dapper nie.

## Goegieland

Ons herinner ouers vriendelik om asseblief alle hekke agter hulle toe te maak. Dit is uiters belangrik vir die veiligheid van al ons Goegies.

- **Graad R Gehoorsifting Donderdag, 5 Februarie 2026:** Betaling geskied via die Karri-toep. Die sifting is nie verpligtend nie, maar bied baie waardevolle inligting oor u kind se gehoorontwikkeling.
- **Goegiespele Vrydag, 13 Februarie 2026:** Stoor solank die datum. Sien asseblief die klasgroepe vir verdere inligting en reëlings.
- **Eerste Pretdag:** Baie dankie vir almal se deelname aan ons eerste pretdag – Trek aan soos jou klastema. Die kreatiwiteit en entoesiasme is opreg waardeer!
- **Ouerleiding:** Die belangrikheid van roetine
  'n Daaglikse roetine help kleuters om veilig en seker te voel. Wanneer kinders weet wat volgende gebeur, verminder dit angs en bevorder dit samewerking en selfdissipline. Konsekwente roetines ondersteun emosionele stabiliteit en maak oorgange, soos aflaai en huis toe gaan, baie makliker.
- **Buitemuurse aktiwiteite:** Alle demonstrasies is afgehandel en formele lesse begin in die eerste week van Februarie.
- **Roomysverkope:** Roomysverkope begin dié komende week. Betalings kan gerus via die Karri-toep gedoen word.

Baie dankie vir u samewerking en betrokkenheid. Ons sien uit na 'n positiewe en opwindende kwartaal saam met ons Goegies.

Groete uit Goegieland

## Akademie

Einde Januarie het aangebreek en ons is volstoom aan die gang. Dis lekker om te sien die kinders is besig met aktiwiteite en dit gons van opgewondenheid op die stoepe. Soos u reeds bewus is, het u die rooster vir die kwartaaltoetse ontvang. Dit is baie belangrik dat u sal kennis neem van hierdie rooster. Wanneer die kinders elke dag 'n bietjie doen sal hulle nie agter raak wanneer dit die dag van die toets is nie. Help asseblief die kinders om mooi te beplan, indien daar enige onsekerhede is, is dit belangrik dat die kinders vroegtydig sal praat.

Ons eerste fondsinsamelingsprojek is ook agter die rug, baie dankie aan elkeen wat 'n waardevolle bydrae in hierdie verband gelewer het.

## Week se Program

### 3 Februarie 2025

- **Atletiek Zone**

### 4 Februarie 2025

- **Gr. 0 Gehoorsiftingstoetse**

### 5 Februarie 2025

- **Individuele Foto's Gr. 1 tot 7**




# Drama

Drama WhatsApp

Laaste drama oudisies vir die jaar, vind Maandag, 2 Februarie 2026, in die Leeutjieklas plaas. Druk op die link om op die drama WhatsApp-groep te kom en 'n plekkie te bespreek.

# Atletiek – LS Standerton




Baie geluk aan Arlu Greeff wat tydens Laerskool Standerton se vriendskaplike atletiekbyeenkoms op Vrydag, 23 Januarie 2026 as Junior Victor Lodorum aangewys is.

Poduimplekke was as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Marno Campher | - | 3de o/11S 80m |
| | - | o/11S 1200m |
| | - | o/11S 100m |
| Isabella Theron | - | 1ste o/7D 60m |
| | - | 1ste o/7D 80m |
| Lika Visser | - | 3de o/7D 60m |
| Juwian vd Merwe | - | 2de o/7S 60m |
| Jane du Preez | - | 3de o/9D 60m |
| | - | 2de o/9D 80m |
| Handré Carstens | - | 3de o/9S 60m |
| | - | 3de o/9S 80m |
| Lea Cronjé | - | 2de o/11D Verspring |
| Keagan v Eeden | - | 2de o/11S Verspring |
| | - | 2de o/11S Hoogspring |
| HW Meyer | - | 1ste o/12S Spiesgooi |
| | - | 2de o/12S Diskus |
| | - | o/12S Verspring |
| AJ vd Merwe | - | 3de o/12S Spiesgooi |
| Jeandré Oosthuizen | - | 1ste o/13S Gewigstoot |
| Dian Viljoen | - | 3de o/13S Gewigstoot |
| | - | 1ste o/13S 200m |
| | - | 1ste o/13S 100m |
| Chloe Kleb | - | 1ste o/13D 800m |
| | - | 2de Chloé Kleb |
| Mia v Heerden | - | 3de o/13D 800m |
| | - | 2de o/13D 1500m |
| Daantjie Lesch | - | 2de o/13S 800m |
| | - | 2de o/13S 1500m |
| Marelie Koch | - | 3de o/10D Verspring |
| | - | 3de o/10D 1200m |
| Gabby v Jaarsveld | - | 2de o/12D Gewigstoot |
| Jason Stratford | - | 2de o/12S Gewigstoot |
| | - | 3de o/12S Hoogspring |
| | - | o/12S Verspring |
| Cayleigh Cooper | - | 3de o/12D 200mH |
| | - | 1ste o/13D 75mH |
| Jayden Ferreira | - | 1ste o/13S 200mH |
| | - | 2deo/13S 80mH |
| Zian Mocke | - | 3de o/13S Verspring |
| | - | o/13S 200m |
| Linay Hartzer | - | 3de o/12D Hoogspring |
| Michael Hobkirk | - | 1ste o/7S 400m |
| Pienaar J v Rensburg | - | 1ste o/8S 600m |
| Harmand Marais | - | 2de o/8S 600m |
| Jana Steyn | - | 2de o/9D 600m |
| Arlu Greeff | - | 2de o/9S 600m |
| Emma du Plessis | - | 1ste o/12D 1200m |
| Lucan Lessing | - | 2de o/12S 1200m |
| | - | 2de o/12S 100m |
| Clayton Schreuder | - | 3de o/12S 1200m |
| Karla Coetzer | - | 2de o/11D 1200m |
| | - | 3de o/11D 100m |
| Reinhardt Reineke | - | 2de o/11S 1200m |
| Mia-né Smith | - | 2de o/10D 1200m |
| Reuben Petzer | - | 1ste o/10S 1200m |
| Diandré Nel | - | 3de o/10S 1200m |
| CJ Meyer | - | 3de o/13S 1500m |
| | - | 3de o/13S Spiesgooi |
| Nico vd Westhuizen | - | 1ste o/13S Hoogspring |
| | - | 3de o/13S 80mH |
| Zani Venter | - | 1ste o/12D Spiesgooi |
| Manny Neto | - | 3de o/12D Spiesgooi |
| | - | o/12D Verspring |
| Mia Munnik | - | 2de o/12D 75mH |
| | - | 3de o/12D 100m |
| Wiané vd Berg | - | 2de o/10D Gewigstoot |

# Lekker Verjaar!

| 2 Feb | 3 Feb | 4 Feb | 5 Feb | 6 Feb | 7 Feb | 8 Feb |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Alexi Wandelstadt<br>Johan du Plessis | Jaunru Liebenberg<br>Marius Steyn | Kyle vd Berg | Leané Gouws<br>Liencke Moolman | Hanna Ackerman<br>Marli v Zyl<br>Ronaldo Painter<br>Monique du Plessis | Melandri Pelser<br>Johan Burger<br>Louis Stander<br>Isabelle Theron | Harry Maré<br>Ethan Knoetze<br>Lianique Jacobs |

# Atletiek Interhuis



Baie geluk aan ons atlete met hul uitstekende prestasies by die Interhuis Atletiekbyeenkoms op Saterdag, 17 Januarie 2026. Handré Carstens - Junior Victor Lodorum, Jana Steyn - Jnr Victrix Lodorum & Beste Dogter Baanatleet, Cayleigh Cooper - Snr Victrix Lodorum, Jayden Ferreira - Snr Victor Lodorum & Beste Seuns Baanatleet, Jeandré Oosthuizen - Beste Seuns Veldatleet, Elzané Potgieter - Beste Dogters Veldatleet.

# Atletiek Datums

Die atletiekseisoen is volstoom aan die gang. Hieronder volg belangrike datums van die byeenkomste vir die seisoen:

**31 Januarie 2026 - Goedehoop Prestige (o/7 - o/13)**
Plek: Secunda Stadion·
**3 Februarie 2026 - Zone (o/10 - o/13)**
Plek: Secunda Stadion
**10 Februarie 2026 - Kring (Circuit) (o/10 – o/13)**
Plek: Secunda Stadion
**12 Februarie 2026 - HM Swart – Vriendskaplike byeenkoms (o/7 - o/9)**
Plek: Bethal
**14 Februarie 2026 - Gert Sibande (o/10 - o/13)**
Plek: Secunda Stadion
**18 Februarie 2026 - Hoëveldgroep – Vriendskaplike byeenkoms (o/7 – o/13)**
Plek: Secunda Stadion
**27 Februarie 2026 - Provinsiaal**
Plek: Witbank Kragbron
**19 tot 21 Maart 2026 - Nasionaal**
Plek: Wes-Kaap

**BELANGRIKE INLIGTING:**
Die eerste twee atlete per item van 'n skool (vir die seisoen) sal aan die Zone deelneem. Die eerste vier atlete sal gekies word tydens die Zone om aan Circuit te gaan deelneem. 'n Leerder mag aan vier items deelneem by die Zone. (U kind moet asb. so gou as moontlik 'n afskrif van hul ID en 'n kleinfototjie by Juffrou Roux-Maryn inhandig).

# Skaak

Leerders wat belangstel om hierdie jaar skaak te speel moet volgende week (2 tot 5 Februarie 2026) tussen 13:30 en 14:00 hul name by juf. Bytjie, juf. Beertjie of juf. Carin gaan opgee. Oefening begin amptelik 9 en 11 Februarie 2026. Sien asseblief die herhalende aktiwiteite vir oefendae en tye vir die onderskeie groepe. NB! Slegs inskrywings vind volgende week plaas, dus geen oefening nie. Hoop om julle daar te sien! Skaakmat!

# Netbal

Ons nooi al die o/10-dogters na die netbalproewe.
Datum: 4 Februarie 2026
Tyd: 15:00 tot 17:00
Bring asseblief 'n hoed, sonroom en water saam. Onthou ook om hope energie te bring!

# Rainbow Rush

Loop dit. Hardloop dit. Kleur dit. Bring jou mense en maak herinneringe by Rainbow Rush! Inskrywings nou oop! Goedehopers direk op Karri-toep. Publiek klik op die skakel.

**Rainbow Rush**




LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

# Aanlynklerewinkel

## Dis so maklik soos... 1 2 3

- Besoek die skool se webblad

**www.laerskoolgoedehoop.co.za**

- Kliek op die klerewinkelskakel




- Kliek op die item en kies die grootte







- Volg die skakel vir veilige betaling